# GEREGISTREERDE AGENT

## Hoe om as geregistreerde agent te registreer

'n Geregistreerde agent is 'n persoon (individu of regspersoon), in Suid-Afrika geleë, wat namens 'n buitelandse prinsipaal optree. Dit is belangrik om kennis te neem dat 'n 'geregistreerde agent' nie dieselfde is as die huidige gelisensieerde 'klaringsagent' nie. Enige Suid-Afrikaanse individu of geregistreerde maatskappy kan aansoek doen om 'n 'geregistreerde agent' te word. 'n Gelisensieerde klaringsagent kan ook 'n 'geregistreerde agent' word. Die vereistes van sodanige geregistreerde agent is as volg:

- Aansoek moet op die DA185-vorm en die toepaslike bylaag gemaak word;
- Met registrasie, sal geen sekerheidstelling nodig wees nie, hetsy nasionaal of per hawe. SARS het egter die reg om sekerheidstellings in te stel indien die risikostatus indien die geregistreerde agent op enige tydstip afneem;

Die geregistreerde agent moet die nominerings aanvaar wat deur die buitelandse prinsipaal gemaak is, wat aandui watter funksies (invoerder, uitvoerder of verwyderaar van goedere) namens die buitelandse prinsipaal vervul moet wees. Die persoon wat om registrasie as 'geregistreerde agent' aansoek doen, moet in Suid-Afrika geleë wees.

Die aangestelde geregistreerde agent (ingevolge bylaag DA185D):

- Is aanspreeklik vir die nakoming van alle verpligtinge opgelê op die invoerder, uitvoerder of gelisensieerde verwyderaar;
- Mag 'n doeane-klaringsverklaring (CCD) namens 'n buitelandse prinsipaal voltooi en indien; en
- Mag 'n aansoekvorm namens 'n buitelandse prinsipaal (bv. invoerder, uitvoerder of verwyderaar van goedere in pakhuis) by Doeane indien.

## Watter vorms moet voltooi word om as geregistreerde agent te registreer?

- DA185 - Application form: Registration/Licensing of Customs and Excise Clients
- DA185.4A13 – Registered Agent Client
- Indien waarborg vereis word, voltooi ook DA185.C.

Geen bykomende stawende dokumente word benodig nie, omdat die aansoeker vir inkomstebelasting geregistreer moet wees en hierdie registrasiebesonderhede sal gebruik word om die regspersoon te skep.

## Waarheen moet die vorms gestuur word?

Aansoekvorms moet by die naaste doeane-kantoor ingedien word.